

**24 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 26:1-12**

**Fokusgedeelte: Psalm 26:1 en 2**

**Ek beroep my op die Here se liefde en trou vir onskuld**

Dawid pleit: "Laat aan my reg geskied, Here, want ek is onskuldig" (vs 1). Hy vra dat die regverdigste Here moet hom tog nie soos die slegte mense moet uitdelg nie (vs 4, 5, 9, 10). Sy aanspraak is: Ek is onskuldig!

Die bewys dat hy onskuldig is, is nie in homself nie, maar in die getrouheid van die Here dat Dawid teen sy aard 'n voortdurende begeerte het om reg te lewe. Hy is so seker van sy onskuld dat hy tot driemaal in die psalm op sy onskuld aanspraak maak. Die vrug van die trou en liefde van die Here het hom so oorweldig dat dit vir hom 'n vaste pleitgrond vir redding geword het.

Onskuld berus op die liefde en trou van God, soos Hy dit in die soenverdienste van ons Here Jesus Christus 'n werklikheid gemaak het. Deur Hom skuldig te laat verklaar, is ons onskuldig gemaak. Hoeveel duideliker blyk die sekerheid in Christus van onskuld in vergelyking met die Ou-Testamentiese tyd nie? Ons is losgekoop en bevry van die lot van slegte mense. Daarby is die Here nog so goed om ons deur sy Gees voortdurend aan hierdie onskuldigverklaring te herinner.

Dawid se pleit het vir ons 'n blye oproep geword: Ek is werklik onskuldig, deur God self onskuldig verklaar! God het aan ons reg laat geskied! Dat reg aan my geskied het en dat ek weer onskuldig voor God se aangesig mag staan, maak dit u nie diep dankbaar oor God se ewige trou en liefde nie? Dawid het omdat hy onskuldig is:

- onwrikbaar op die Here vertrou (vs 1);
- hom deur die liefde van die Here laat lei en deur die trou van die Here gelewe (vs 3);
- hom nie met verkeerde mense opgehou nie (vs 4, 5); en
- die Here in die samekomste van die gemeente gedien en aanbid (vs 6-8).

*Sing: Skrifberyming 5-4:1 en 2*

*Ds RM van der Merwe (Wolmaransstad)*